TYD-BEPROEFDE GELOOF

Baie dankie.

2 Julle kan maar sit. Dit laat net my hart baie goed voel om terug te wees in New York vanaand. Ek het altyd so 'n opwinding om New York toe te kom. Ek hou van al die state, maar daar's net iets omtrent New York wat my skynbaar vashou, en die mense en hulle gasvryheid. As 'n Suidelike, sê ek julle moet hier opkom in die Noorde om te vind wat suidelike gasvryheid beteken, na die Noorde toe kom.

3 Ek wil graag hierdie tyd neem om Mnr. Lloyd Sweet te bedank, en al die, diegene wat geaffilieer is met die—die Oes Evangelisasie, aan, die Wêreld Oes Evangelisasie, vir hulle goedheid om ons te borg deur hierdie New England veldtog. En ons is baie dankbaar vir alles wat hulle gedoen het, en vertrou dat die goeie Here van die Hemel net Sy seëninge sal uitstort op die pogings, en die oes van siele in die Koninkryk van God sal instuur, in hulle pogings.

4 En ek wil hierdie predikers bedank, vanaand, hier in New York Stad, Ek het na die platvorm toe gekom, en die stoele was vol predikers, wat samewerkende predikers is. Dankie, my broers, dat julle julle kerke verdaag het en hiernatoe gekom het om hierdie 'n wonderlike saamtrek te help maak. Ek waardeer dit beslis, en vertrou dat God julle ryklik sal seën op elke manier in julle bediening.

5 In die hoop om eenkeer, ek wou nog altyd 'n tyd hê wanneer ons 'n groot saamtrek in New York kon hou, en net die Volle Evangelie mense almal bymekaar kom, soos die Baptiste en hulle gedoen het vir Billy Graham, en—en net 'n groot saamtrek hê met al die mense, die—die—die Spanjaarde, en almal saam. Wel, ons kan dit doen, en, ek's seker, God sal net Sy seëninge op ons afreën, as ons dit net sou doen.

6 En nou, ek is beslis dankbaar vir hierdie aand. Ek's moeg, ek het gepreek en omtrent elke dag en aand genesingsdienste gehou, nie elke dag nie, maar elke aand en een van die dae, vandat ek weg is. Ek's omtrent die langste wat ek ooit op een keer gegaan het, en ek's regtig moeg. Net 'n bietjie hees, maar baie bly in my hart om aan julle te rapporteer dat daar groot dinge bereik is vir ons dierbare Here in hierdie New England state.

7 Net om vir julle 'n kykie te gee, as sommige van die broers nie daarvan gepraat het nie, ek was in die diens gewees een aand toe 'n dame gesterf het, wat oorkant aan my linkerkant gesit het, en 'n dokter daar het pols in haar gaan soek en dit was weg. Om die groot Heilige Gees te sien omdraai en daardie vrou se naam

roep en haar weer wakker maak! Dit het gebeur in Hartford, Connecticut. En net sulke dinge, wat Hy gedoen het.

8 Toe was dit bo in Burlington, New Hampshire, waar daar 'n dame was, net (Is net een van die gevalle.), sy het agter gesit, en die dierbare siel, sy kon nie 'n gebedskaartjie kry om in die ry te kom nie, so sy het net haar nederige, klein koppie gebuig en begin bid. Ek dink sy was 'n epilepsie-lyer. En die Here Jesus het, met Sy genade, soontoe beweeg en vir haar gesê dat sy genees is van hierdie epilepsie.

9 En gesê: "Ook, jou man is opgegee in een of ander hospitaal, hy het 'n siekte wat die dokters nie kan genees nie, daar's niks wat gedoen kan word nie en hulle het hom opgegee, maar," gesê: "moenie bekommerd wees nie, want SO SPREEK DIE HERE, hy's so pas genees."

10 En die epilepsie het haar onmiddellik verlaat, en toe sy by die huis gekom het, het haar man haar die volgende oggend gebel, die dokters het hom ingeneem vir 'n finale en kon glad niks daarvan vind nie, hy was op sy pad huis toe, net verheug.

11 O, ons het so 'n lieflike Vader, het ons nie? Hy's so goed en ons het Hom net so lief.

12 En nou, dis goed om hier te wees vanaand, en al hierdie goeie gemeenskap. En—en ek's. . . Party van ons vriende, wat ek vandag moet ontmoet, Kaptein Julius Stadsklev, al die pad van die *Mojave* woestyn af, of, Mojave woestyn in Kalifornië. Hy's 'n kapelaan in die weermag, wat saam met my in Afrika was, wat die boek geskryf het, en hy's hier iewers, vanaand. En dan, ook, dat Pastoor Boze hier is van Chicago, van die Filadelfia Kerk. En—en sommer baie goeie vriende.

13 En ek wonder of Mev. Isaacson hier is vanaand, sy was die laaste keer hier, ek het net vir haar gewaai toe sy die platvorm verlaat het. Sy's my stem van Finland. En ek weet nie of sy. . . Is jy hier, Mev. Isaacson? Steek jou hand op, as jy is. Sy het van die platvorm afgekom die laaste aand wat ek hier was, en ek het haar nie te siene gekry nie. En sy's 'n lieflike persoon.

14 En net Mnr. Cox het my gebel van oorkant in Indiana, bo rondom Hammond, is hierbo vanaand. En ons is bly vir almal van julle, net baie bly om hierdie tyd van gemeenskap te hê. En God seën julle.

15 En Billy het vir my gesê, soos ek pas by die deur uitgekom het, hy het gesê: "Pappa, hulle het vir jou 'n—'n liefdesoffer opgeneem vanaand." Ek het dit nie verwag nie, vriende, en, maar dat julle dit gedoen het, dis alreeds. . . Ek kon dit nie nou teruggee nie, want ek sou nie weet hoe om dit terug te gee nie, maar baie hartlike dank. En ek verseker julle, deur die genade van God, dat ek elke sent daarvan sal spandeer aan die Koninkryk van God, na die beste van my wete om dit te doen. Hartlike dank. En ek

vertrou net dat God julle honderdvoudig sal terugbetaal vir elke deeltjie daarvan.

16 En nou, wanneer ons hier vertrek, is ons op ons pad, volgende Sondag, nie hierdie komende Sondag nie, die volgende Sondag, by Dallas, Texas, en 'n groot konvensie. Dan, van daar af gaan ons op Noorde toe, of, Suid-Carolina, Greenville, Suid-Carolina toe, die Interdenominasionele Predikersvereniging Konvensie. En dan, van daar af, gaan ons na Green Pines, Noord-Carolina, in 'n Baptiste saamtrek. En dan daarvandaan, reguit terug na Philadelphia hier, in die Volle Evangelie Christen Sakemanne se konvensie.

17 En ons versprei net, probeer doen wat ons kan, want ons glo dat die Here binnekort gaan kom, en ons wil alles doen wat ons kan terwyl dit daglig is en ons kan werk. En in waardering vir alles wat gedoen is, loof ek God vir elke deeltjie daarvan, Wat dit moontlik gemaak het dat hierdie dinge gedoen kan word.

18 Nou, net voor ons Sy Woord lees, laat ons ons hoofde buig en net 'n oomblik met Hom praat.

19 Geseënde Here, wanneer ek dink aan U goedheid, en die siele wat gered is in hierdie laaste paar dae, die duisende wat na die diens toe gekom het en gehelp is, dan vergeet ek—ek net van moeg wees, en dan om hier te wees vanaand en om U Gees te voel beweeg in hierdie mense, in die wete dat hulle U geliefde, Bloed-gewaste mense is! En ek dank U vir ieder en elk van hulle. En ek sou bid, God, vanaand, dat U net iets spesiaals vir ons sal doen, ons sit hier, onder groot verwagting. Ons wag en verlang na daardie uur, wanneer die sluier teruggetrek sal word, ons Hom sal sien.

20 En hoe ons Hom liefhet, en graag op ons gesigte wil val en net Sy voete aanraak, want ons het Hom lief! En Vader, ek bid dat U elke persoon, en elke prediker, elke pastoor, evangelis, sendeling hier, wat ook al, sal seën. Gee dat hulle kerke sal vooruitgaan, en hulle werk vir die Here sal toeneem, en baie siele gered sal word, en iets gedoen mag word vanaand wat ons sal help om 'n nuwe houvas te kry en weer nuut te begin. Skenk dit, Vader.

21 Nou het ons die deksel van U Bybel oopgemaak, en, verklaar nou vir ons, Vader. Mag die Heilige Gees op so 'n manier spreek vanaand, dat wanneer ons na ons verskillende plekke toe gaan, ons mag sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun, Amen.

22 Ek wil graag vanaand lees, siende dat die diens nou net 'n bietjie op pad is, nie om te veel tyd in beslag te neem nie, ons het omtrent 'n duisend myl om dadelik te ry, en ek wil lees uit die Boek van Markus, die 12de hoofstuk, die 11de hoofstuk, liewer, van Markus, en die 22ste vers.

En Jesus antwoord en *sê vir hulle, Julle moet geloof in God hê.*

23 Hierdie woordjie *geloof*: "Julle moet geloof in God hê." En vir 'n—'n onderwerp, wil ek graag hierdie gebruik: *Tyd-Beproefde Geloof*, daardie drie woorde, *Tyd-Beproefde Geloof*. Dis net drie woorde, maar o, wat dit beteken!

24 En daar word vir my vertel in die Ou Testament, dat geloof in die Ou Testament, net dieselfde was as wat dit in die Nuwe Testament is. Soveel mense struikel oor die gedagte van geloof, maar dis so eenvoudig om geloof te hê.

25 Byvoorbeeld, jy kan nie uit jou sitplek uit beweeg, as jy in staat was om in te kom en te gaan sit, kan jy nie uit jou sitplek uitbeweeg, tensy jy geloof het dat jy dit sal doen nie; jy kan nie weer jou hoed opsit, tensy jy geloof het dat jy dit kan doen nie; jy kan nooit nog 'n asem skep, tensy jy geloof het dat jy dit kan doen nie. Geloof is so algemeen, dat wanneer ons daarna kyk as iets 'n bietjie ongewoon, gaan ons ver bo-oor dit, om te probeer vind dis wat reg langs ons is.

26 Nou, in die Ou Testament wanneer die bloed aangewend is oor die—die bo-drumpel van die deur, word daar vir my vertel dat dit aangewend is met hissop, gedoop in die bloed en oor die deur gevryf. Hissop is net gewone onkruid. En dis hoe dit aangewend is, met hissop, iets wat jy net enige plek kon afreik en 'n handvol daarvan kry.

27 En hoe gepas is dit, vanaand, om hissop aan te wend as geloof, jy sit die Bloed aan deur geloof. Hoe ons bedek is deur die bloed: deur geloof, gewone geloof.

28 Wel, jy sê: "Maar vir wonderwerke en vir genesing, Broer Branham, is 'n ander soort geloof."

29 Nee, dis dieselfde geloof. Daar's net een geloof. En alle goeie dinge, en alle dinge wat is, is oorspronklik.

30 Alle boosheid is net verdraaide geregtigheid, siekte is verdraaide gesondheid, en alles wat verkeerd is, is die regte wat verdraai word. Wel, wat dit verdraai het, was Satan. En Jesus het gesterf dat Hy vir ons die krag kon gee, deur Sy Bloed, om daardie ding te korrigeer wat verkeerd is, sondaars terug te bring na verlossing, siekte terug na gesondheid, ongeregtigheid terug na geregtigheid. Sien, dis net so eenvoudig.

31 En baiekeer gaan ons daar bo-oor, om te kyk, te jag: "O, as ek net *dit* kon doen." Jy kan as jy net nie opgewonde raak daaroor nie.

32 Soos ek pas vir Dr. Vayle gehoor het soos ek vertrek het, gesê het dat my bediening besig is om te verander, o, ek's so bly, nie . . . hierdie gaan nie weggaan nie, dit sal altyd bly, maar dit gaan iets groter wees.

33 Gisteraand, toe ons uit die gebou uitgegaan het nadat 'n klein kindjie so erg versteurd was, verstandelik weg, en die moedertjie kon dit nie eens binne die gebou hou nie, dit het net geskop en geskree, en, o, vreeslik tekere gegaan. En sy sou dit buitentoe vat, en ek kon dit ver onder in die saal hoor.

34 En toe nadat die—die Here groot dinge gedoen het, op die pad soontoe het die moedertjie daardie arme klein, geestesversteurde babatjie vasgehou, sy ogies, amper buite op sy wange, sy mondjie skeefgetrek, en dit het geskop en geskree, en toe ek opgekom het, het dit net in 'n uitbarsting gegaan. Maar, o, daardie geseënde Iets, die Teenwoordigheid van die Heilige Gees!

35 Ek het vir Mnr. Vayle en vir Billy gesê, wat my uitgeneem het, ek het gesê: "Hier kom die nuwe nou in." En die kêreltjie aan die arm gevang, en gesê: "Dierbare God, laat dit na normaal terugkeer." En dit het gestop, en opgekyk na my en geglimlag, en die moeder het dit opgetel en die gebou verlaat.

36 In ons Skrif vanaand, die vorige hoofstukke het Jesus vir 'n boom gesê: "Geen vrugte sal weer op jou groei nie, of, geen mens sal weer van jou eet nie." Toe het Hy gesê, na hierdie vers: "As jy vir hierdie berg sê om opgehef te word." Nie: "As Ek sê," nie. "As *jy* vir hierdie berg sê om opgehef te word."

37 Nou, ons weet dat die mens nie 'n berg kon beweeg deur net daarmee te praat nie, die enigste Ding wat dit kon doen, sou Godheid wees. So dan, as die berg voor ons is, en ons doelwit is reg, en ons motief is reg, dan is dit nie ons wat meer praat nie, dis Godheid wat spreek, dan moet dit beweeg.

38 Ek glo waarlik dat die Kerk op die rand van een van die grootste uitstortings is wat Dit ooit in hierdie tydperk gehad het. Ek glo dit. Ek kan nie sê die Here het my gesê nie, maar dis net iets binne-in my, wat net iets begin beetkry, wat ek nog nooit in my lewe gesien nie, tot net so pas. En hoe wonderlik is dit om te weet, net voor die Koms van die Here, dat hierdie dinge gebeur!

39 Nou, geloof is so eenvoudig. Die Skrif sê: "Geloof is die vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Nou, geloof is nie 'n mite nie, dis iets wat jy in werklikheid besit, net soos hierdie: As ek gehad het 'n . . . As ek vergaan het van die honger, en—en ek . . . jy kom na my toe, en ek sê: "Ek vergaan van die honger."

Jy sê: "Wat sou jou lewe red?"

Ek sou sê: "'n Brood."

En jy sou in jou sak inreik en vyf-en-twintig sent uitbring en dit vir my gee, en sê: "Hierso, Mnr. Branham, jy hoef nie te vergaan van die honger nie."

40 Wel, ek het nog nie die brood nie, maar ek het die koopkrag van die brood. Nou, ek mag 'n myl van die brood af wees, maar ek kan net so bly wees met daardie vyf-en-twintig sent in my hand,

as wat ek kan wees wanneer ek die brood in my hand het, want ek het die koopkrag van die brood.

41 En wanneer geloof geanker is dat dit verby is, is jy net so bly as wat jy alreeds gespring en uitgeroep het, want dis alles verby, jy *het* dit, dis iets wat jy *weet* jy het dit, niks kan dit beweeg nie. Jy kyk nooit vir enige bewyse, of enigiets anders nie, jy weet net jy het dit.

42 Nou, wanneer ek hierdie brood . . . hierdie vyf-en-twintig sent gekry het, moet ek dalk oor 'n paar heuwels gaan, deur 'n doringbos gaan, oor 'n bietjie water, en moet dalk brûe oorsteek, maar die heeltyd juig ek, want ek het die vyf-en-twintig sent, in die wete dat ek die brood gaan kry net sodra ek daar kom, dis die koopkrag. Wel, geloof is die koopkrag van dinge waarop jy gehoop het, dit is egte geloof, niks kan dit beweeg nie.

43 Nou, die meeste mense het geloof, maar hulle probeer net nie die geloof wat hulle het, gebruik nie. Ek glo dat elke persoon wat in die Here Jesus Christus glo, 'n sekere hoeveelheid geloof moet hê, maar die rede waarom dit nooit te veel gebruik word nie, is omdat jy dit nooit baie gebruik nie. 'n Persoon, gewoonlik, wat kerk toe kom, sal net inkom en luister na 'n preek, en dan sal hulle opgaan en hulle naam op die kerkboek plaas, en 'n goeie lidmaat van daardie kerk word. Dis net omtrent so ver as wat hulle ooit die geleentheid het om hulle geloof te gebruik.

44 Nou, geloof sal net enigiets doen wat jy nodig het om gedoen te word as jy dit sal laat werk. Maar meeste kerke vandag, hulle, dis sover hulle leer, aanvaar net vir Jesus deur geloof en dit handel dit af. Dis soos 'n man was wat 'n sny waatlemoen geëet het, hy het gesê: "Dit was goed, maar daar's nog daarvan iewers." So dis hoe dit is, om Christus te aanvaar is goed, maar daar's *meer* daarvan.

45 En dan, wanneer 'n man Christus aanvaar as sy persoonlike Verlosser, dan lê al die goeie dinge wat God belowe het, reg aan sy vingerpunte, net om dit te glo.

46 Nou, moenie soontoe gaan op 'n plek waar jy net: "Ek wonder of dit sal werk," nie. Net soos jy weet jy gaan water drink: gaan jy opstaan en oor die vloer loop, dis net hoe eenvoudig dit is om daaroor te wees. Wel, die Here het dit belowe, dit handel dit af, gaan net voort daarmee. Dis ware, egte geloof.

47 Nou, as mense sou plaas, as die kerk meer geloof sou laat werk, sou jy meer dinge sien plaasvind het in die kerk. Die pastoor mag op Sondagoggend staan, hy mag op Sondagaand staan, of wanneer ook al, en hard preek oor geloof, in 'n magtige boodskap, maar as die lidmate nie daardie boodskap neem en dit dan laat begin werk nie, sal dit reguit terugval, en die voëls van die lug sal dit optel. Sien? Sien? Neem dit net uit en laat dit werk, God wil hê jy moet dit doen.

48 Nou, geloof, 'n ondervinding vergesel altyd geloof. En hoe kan dit vanaand wees? Ek sou vir julle vroue hier sê, dat julle kanarievoëltjies het, ensovoorts, wat julle liefhet, die klein troeteldiertjie. Wat sal dit jou help om hulle al die vitamiene te gee wat jy kan in hulle saad, om groot, sterk bene, en—en—en mooi vlerke, ensovoorts, te maak, as jy hom die heeltyd in die hok hou? Sien? Dis nie nodig om hom vitamiene te gee as jy hom in 'n hok gaan hou nie, hy het nie die vitamiene nodig om sterk vlerke te maak nie, want hy het nooit 'n kans om hulle te gebruik nie.

49 Wat help dit om 'n Bybel te preek van 'n God wat genees, van God wat krag het, en vir die mense te vertel dat die dae van wonderwerke verby is? Wat help dit om predikers na kweekskole, en na kolleges, ensovoorts, te stuur, en al hierdie verskillende dinge te leer, en dan—dan kom sê vir die mense dis iets wat was, dit is nie meer nie?

50 Dis net soos om 'n man te neem, wat doodvries, en sê: "Hier's 'n mooi prentjie van 'n groot, geverfde vuur." Die man kan nie warm word voor 'n geverfde vuur nie, hy vries en hy moet warmte kry.

51 En 'n mens wat dors na God, kan nie tevrede wees totdat iets gebeur nie. Dis 'n ondervinding. En daardie soort ondervinding sal groot geloof meebring. Jy weet nooit wat dit is nie. Jy kan nie God vertrou vir Wie jy nog nooit ontmoet het nie.

52 Byvoorbeeld, eenkeer in die Bybel, is Israel uitgeroep in oorlog teen die Filistyne, en hulle het oorkant op 'n heuwel gestaan, en Israel het hulleself oorkant die vallei vergader aan die ander kant. En natuurlik, net soos die duiwel, wanneer hy dink hy het die bluf oor jou, sal hy net jou hand na enigiets roep.

53 En hulle het 'n yslike groot, prehistoriese, reus daar oorkant gehad met die naam van Goliat, sy vingers was veertien duim lank, en hy het 'n spies gehad soos 'n wewersbalk, miskien van hier tot by die trappe, en hy het 'n voorstel gemaak vir die volk van Israel, hy het gesê (Hoe geslepe sonde is!), hy het gesê: "Laat ons nie nou enige bloedvergieting hê nie," hy het gesê: "dis nie nodig dat almal in hierdie oorlog afgemaai word nie. Soek julle vir julle 'n man daar oorkant uit en laat hy hiernatoe kom en teen my veg, en as ek hom verslaan, dien julle vir ons; en as hy my verslaan, dan sal ons julle dien."

54 Nou, dis hoe die duiwel dit doen wanneer hy dink hy het die oorhand.

55 As daar enigiemand in die hele leër van Israel was wat in staat was om hierdie reus te beveg, was dit Saul, hy was kop en skouers bo sy hele leër, hy was 'n kryger van sy jeug af. Hy het geweet hoe om 'n skild te hanteer, 'n spies, hoe om daardie spies uit 'n ander man se hand te maneuver, hy het manne geleer, o, hy was 'n biskop, hy het geweet hoe om al die teologie te onderrig,

maar die ding daarvan was, hy het nooit enige ondervinding gehad om God daarmee te ontmoet nie.

56 En hierdie groot reus het elke dag uitgekom en sy uitdaging gemaak, maar eendag het hy sy uitdaging een keer te veel gemaak. Daar was 'n klein, rosige-gelaat kêreltjie, krom skouers en hare wat in sy oë hang, wat opgekom het in die kamp om sy broers te besoek, hy het paar rosyntjie pasteie, ensovoorts, gehad, wat sy pa daar na die seuns toe gestuur het, en sy naam was Dawid, hy was 'n klein skaapwagtertjie. En toe hy hierdie reus daar hoor uitkom en sê het: "Wat gaan julle daaraan doen, kêrels?" het hy dit op die verkeerde tyd gesê, dit het op iemand se ore geval wat vir God geken het.

57 Hy het gesê: "Wil julle vir my sê, dat die leërs van die lewende God hier sal staan en daardie onbesnede Filistyn hierdie leërs laat uitdaag?"

58 Ek wonder vandag hoe dit kan wees dat die onbesnedenes kan opstaan en in die midde van 'n dag staan, wanneer Jesus Christus Homself op aarde gemanifesteer het met 'n oop Bybel! Julle bedoel dat hierdie onbesnede wêreld, van al hierdie teologie, en geleerdhede, ensovoorts, dat ek sou stilstaan terwyl my God lewe? en God se Heilige Woord uitdaag? Nooit! Al sou ek in my spore moes sink, sou ek God neem en op Sy Woord staan. Hoekom? Hierdie predikers sal dieselfde ding doen. Hoekom? Dieselfde rede waarom Dawid gesê het wat hy het. Laat hulle hulle holy-rollers noem, laat hulle hulle noem wat hulle hulle ook al mag noem, hulle weet waarvan hulle praat.

59 "O," sê jy: "maar hierdie kêrel is 'n aartsbiskop."

Hy mag 'n pous wees, maar dit maak geen verskil nie.

60 Dawid het nie al die opleiding gehad wat—wat Saul gehad het nie, en hy was net 'n ou klein outjie. Maar hy was... Die Bybel het gesê hy was rosig, net 'n klein kêreltjie, het die skaapveljassie aan 'n klein, julle weet, soos 'n klein broekspypies, noem ons hulle. En hier het hy daar gestaan en opkyk na sy broers en hulle, gesê: "Bedoel julle dat julle daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God sal laat uitdaag?" Gesê: "Ek sal teen hom gaan veg!"

61 O, dit was moed! God gee ons nog Dawids, vandag, wat ons nodig het.

62 Waarvan het Dawid gepraat? En sy broers het gesê: "O, ek weet jy wil stout wees, ons weet net jy kom hiernatoe met daardie stoutigheid in jou stem, so ons gaan jou terugstuur huis toe."

63 En dit het by Saul uitgekom. So Saul het hom geroep, en wou weet wie hierdie jongeling was. En hulle het hom daar in die teenwoordigheid van Saul ingebring, en—en Saul het gesê: "Jy kan nie teen daardie man veg nie," gesê: "jy's niks anders as 'n jeugdige nie, en hy's 'n kryger van sy jeug af." En hy het gesê...

Ek wil hê julle moet oplet wat Dawid gesê het. Saul het gesê: "Net 'n oomblik, as jy wil gaan, sal ek—sal ek jou regsien."

64 So hy het sy eie skild afgehaal en dit aan Dawid oorhandig en sy wapenrusting vir Dawid aangetrek. En kan julle julle voorstel hoe sy helm gelyk het? Daardie groot kop van Saul, en daardie hoed wat ver bo-oor klein Dawid se oortjies gesit het, en die skouers omtrent *so* breed en 'n skild, of, wapenrusting omtrent *so* breed. Wel, die arme kêreltjie kon nie regop bly daarmee nie; dis soos om doktorsgrade op 'n man van God te probeer sit.

65 En Saul het uitgevind dat sy teologiese onderbaadjie nie 'n man van God gepas het nie. Hy het gesê: "Haal hierdie ding van my af, ek weet niks daarvan af nie." Hoe om op te staan en die Apostoliese Geloofsbelydenis aan te haal, *sogenaamd*, en te sê: "*Ah-men*." Wel, hy het niks daarvan af geweet nie! Hy het gesê: "Maar laat my gaan met iets waarvan ek weet waarvan ek praat."

66 God weet dis wat ons vanaand nodig het, is manne in die leër van God wat weet waarvan hulle praat, nie of hulle 'n doktorsgraad het of wat nie; hulle mag dalk nie hulle ABC's ken nie, maar hulle ken vir Christus, en dis die hoofsaak.

67 Dawid het gesê: "Ek het 'n ondervinding gehad. Ek het 'n ondervinding gehad met hierdie krag waarvan ek praat. Eendag was ek daaragter aan die agterkant van die woestyn, besig om my pa se skape op te pas, en 'n beer het ingehardloop en een gevang, en ek het net die slingervel gevat en hom platgetrek daarmee, dit uit sy mond uitgehaal." En gesê: "'n Leeu het ingekom en een gevang, en ek het hom platgeslaan, en hy het teen my opgestaan, en ek—ek het hom doodgemaak. Wel," het hy gesê: "die God wat hulle in my hande gegee, sal Hy nie veel meer daardie onbesnede Filistyn gee wat die leërs van die lewende God uitdaag nie?"

68 As God jou verlos het van sonde, hoeveel te meer sal Hy jou verlos van jou siekte? Hy is in staat om te neem en jou natuur te verander en jou 'n nuwe persoon te maak, waarom sou jy bang wees vir enige siekte? As Hy jou siel kan red en jou natuur verander, jou motiewe verander, jou idees verander, hoeveel te meer kan Hy jou siekte verander in gesondheid en dit weer terugsit in sy regte plek, waar dit hoort? Dis net so eenvoudig dat ons daar bo-oor gaan. Daar . . .

69 En, natuurlik het hy gesê: "Ek bewonder jou moed, seun, maar dis jou eie dood." So hy het sy slingervelletjie geneem en vyf klippies gekry, een ingesit, en Goliat het hom bespot. Ek wil hê julle moet dophou, hy het vyf klippe gehad. En julle seuns weet wat 'n ou slingervel is, 'n stukkie leer, en, wel, ons was altyd in staat om 'n slangdokter van die heining af te slaan daarmee, net so maklik as wat dit kon wees. En dan sou ons . . . Dis vyf vingers, vyf klippe, g-e-l-o-o-f [Eng. "f-a-i-t-h"—Vert.] in J-e-s-u-s. Hier kom hy! Reus moet nou val! En hy het die oorwinning

behaal. Waarom? Hy het 'n ondervinding gehad dat hy geweet het dat God kon verlos.

70 'n Man is nie gekwalifiseerd om agter die platvorm, of, die preekstoel, te staan, totdat Hy God ontmoet het en 'n ondervinding gehad het nie. Geen persoon het die reg om hulleself 'n Christen te noem, totdat hulle eers 'n ondervinding met God gehad het nie. Dis reg.

71 Dit was Abraham, nadat. . . Hy was net 'n gewone man wat afgekom het en gewoon het in—in die Sinear, onder in die stad van Ur. En hy was net 'n gewone gelowige, maar eendag het God hom ontmoet, en Hy het met hom gepraat, en Abraham het 'n ondervinding gehad. En nadat Abraham daardie ondervinding gehad het, kon hy vir Sara sê: "Gaan koop die voël-ogie materiaal en kry al die spelde gereed, ons gaan 'n baba kry, ek gee nie om hoe oud jy is nie."

72 Hoekom? Hy het eers 'n ondervinding gehad, om van aangesig tot aangesig met God te praat. Hy kon daardie dinge wat nie was nie, noem asof hulle was, *nadat* hy God ontmoet het en 'n ondervinding gehad het, nie voor dit nie, daarna. Dis wat fout is met mense vanaand in hierdie groot stede en alle stede in die wêreld, is omdat hulle weier om die Heilige Gees te ontvang.

73 Julle Metodiste, en julle Baptiste, en julle Presbiteriane, en Katolieke, julle is mense en vir wie Christus gesterf het, en julle het net soveel reg op hierdie seëninge as wat die Pinksters het, maar die enigste ding wat dit is, jy sal net jou naam teken op 'n kerkboek, in plaas van daar te bly totdat jy 'n ondervinding het dat God jou verander het deur die doop van die Heilige Gees. Dit verg 'n ondervinding om geloof te vergesel, jy weet waar jy was. Wel, Dawid het geweet waarvan hy praat, hy het God ontmoet.

74 Abraham het geweet waarvan hy praat, want hy het God ontmoet. Vir vyf-en-twintig jaar het hy volhard, omdat hy geglo het dat God wat hy ontmoet het, alle skaduwees van twyfel van hom af weggeneem het, en hy het vyf-en-twintig jaar gewag totdat daardie baba gebore is. Hoekom? Hy het 'n ondervinding gehad van 'n ontmoeting met God.

75 Nou, dit was Moses wat grootgemaak is in al die teologie wat Egipte kon bekostig om hom te gee, hy was so slim dat hy die meesters van Egipte wysheid kon leer. En hy het geweet dat hy 'n Hebreër gebore is, hy het geweet dat hy 'n verlosser gebore is. Maar kyk watter gemors het hy daaruit gemaak, toe hy by homself probeer het voor hy 'n ondervinding gehad het. Hy het al die skoling gehad, hy het die kennis gehad dat hy die verlosser was, maar, julle sien, hy het nog nooit enige ondervinding gehad nie. Maar, o, broer, toe hy God daar ontmoet het in daardie brandende bos, toe het hy geweet wat hy gesoek het, hy het geweet Wie hy geglo het. Hy kon die res van die tagtig jaar verduur deur Hom te sien Wat onsigbaar is.

76 Wat 'n belaglike gesig, om 'n man te sien. . . Hoe geloof, om God te ontmoet, 'n man sal verander! Dit sal jou dinge laat doen wat so mal lyk vir die wêreld, dit sal jou anders laat optree, en jy sal nie omgee wat enigiemand sê nie, solank jy weet waarmee jy praat.

77 Moses, wat uit Egipte uit weggehardloop het, veertig jaar in die woestyn, maar vyf minute in die Teenwoordigheid van daardie bos, die volgende oggend hier gaan hy af na Egipte, sy vrou wat op 'n muil sit, met 'n kleintjie op elke heup, en hy wat 'n man was van tagtig jaar oud met 'n ou stok in sy hand, die wangbaarde wat waai. "Waarheen gaan jy, Moses?"

78 "Gaan af na Egipte om oor te neem." 'n Een-man inval! Die ding daarvan was, hy het dit gedoen. Hoekom? Hy het 'n ondervinding gehad.

79 As 'n kryger en 'n jong man, het hy weggehardloop uit die teenwoordigheid van Farao sonder 'n ondervinding, maar met 'n ondervinding, het hy in sy gesig ingestap en vir hom gesê: "Ek sal hierdie land met plae tref, tensy jy hierdie volk laat gaan." Hy was nie bang nie. Hoekom? Hy het God van aangesig tot aangesig ontmoet.

80 Broer, suster, daar is 'n geheime plek waarnatoe elke gelowige moet gaan: die agterkant van die woestyn, daar op daardie heilige grond. O, geen doktor van teologie, geen Griekse of Hebreeuse geleerde, geen skool of kweekskool, hulle mag jou dalk heeltemal vasdraai in hierdie soort goed, maar as jy ooit God op daardie heilige grond ontmoet het, kan Satan nie sy voete op daardie sand sit nie, jy weet jy het God, Iets egs, ontmoet. Wat was dit? Jy het self met God gepraat, jy het 'n ondervinding gehad.

81 Geen mens het die reg om die preekstoel te neem om die Evangelie te preek, tensy hy 'n agterkant-van-die-woestyn ondervinding gehad het nie, geen mens nie. Geen persoon het die reg om hulleself 'n Christen te noem totdat hulle 'n agterkant-van-die-woestyn ondervinding gehad het nie. Dis steeds die agterkant van die woestyn, ons noem dit: "bo-vertrek," maar dis ook steeds die agterkant van die woestyn. Dis waar jy God ontmoet.

82 O, hoe belaglik is dit vanaand om mense in die kerk in te neem deur net in water te doop en hulle naam op die boek te sit! O, ons het 'n outydse, Paulus herlewing nodig, en die Bybel Heilige Gees weer terug in die kerk, en 'n ware, outydse diens, 'n ondervinding. Nadat jy 'n ondervinding gehad het, dan weet jy waarvan jy praat, dis wanneer jy geloof het.

83 Hulle mag dit verduidelik, sê: "Wel nou, jy behoort nie 'n Metodis te wees nie, jy behoort nie Pinkster te wees nie," hulle mag jou daaruit praat, maar wanneer dit by 'n plek kom vir daardie heilige plek waar jy God ontmoet het, broer, Satan kan

nie sy vuil voete op daardie plek sit nie, jy weet jy het daar met Iemand gepraat, jy weet daar het iets gebeur. Ja, meneer. Jy was daar, jy weet alles daarvan, van toe af, kan jy jouself gaan gedra soos 'n ware Christen.

84 O, die gedrag, van mense vandag wat hulleself Christene noem! Geen wonder ons arme vroue verf hulle gesigte, en sny hulle hare af, dra kortbroekies, en dinge nie, dis omdat hulle gefaal het om daardie plek daaragter op daardie heilige sand oorkant te kry. Dis reg.

85 Geen wonder ons mans laat dit toe, en rook sigarette, en dinge nie, hulle het nie daardie heilige plek daar oorkant iewers gevind, waar God en die mens bymekaarkom nie. Dis reg. Dis wat ons vanaand nodig het, my geliefde vriend, jy weet dit. Dis 'n skande oor die dae waarin ons lewe, dis waarom God nie 'n herlewing kan stuur nie, Hy het nie veel om dit op te bou nie, vriende. Ja.

86 Maar Hy . . . Ek is bly hieroor: "Hierdie klippe is in staat om . . . God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Daar's nog 'n paar oor daar, in 'n winkel, en onder by die werke, ensovoorts, wat God steeds liefhet, Hy het altyd 'n oorblyfsel van mense gehad, Hy het hulle vanaand, wat Hom glo, maak nie saak wat enigiemand sê nie, hulle glo dat dit die waarheid is. 'n Ondervinding, om God te ken, Sy krag te ken, Hom lief te hê, o, nadat jy 'n ondervinding met God gehad het, wat 'n ander persoon maak dit jou, hoe dit jou laat weet waar jy staan.

87 Selfs die dood self kan jou nie daarvan skei nie, nee, Dawid het gesê: "Ja, al gaan ek deur die dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie: want U is met my." Kry ons gedrag reg.

88 'n Tyd gelede, onder in die Suide, het hulle altyd gekleurde mense as slawe verkoop, toe die—die Afrikane hulle hiernatoe gebring het, die Boere en hulle verkoop het as slawe. En hulle sou hulle in markte koop net soos jy gebruikte motors koop, mense, en hulle verkoop en hulle koop, en makelaars sou verbykom en dit doen.

89 Eendag, het daar 'n makelaar verby 'n sekere plantasie gekom om 'n paar slawe te koop. En—en hierdie eienaar het gesê: "Ek het 'n paar slawe wat ek sal verkoop."

90 Hy het gesê: "Wel, laat ek hulle deurkyk."

91 En hy het die slawe opgelet, hulle was weg van mamma en pappa, die baba, en manlief, en hulle sou nooit weer teruggaan nie, hulle was slawe, en hulle sou hier sterf in 'n vreemde land. Baiekeer was hulle jammer, en het gehuil, en was baie ontsteld, want hulle sou nooit weer hulle geliefdes sien nie, so hulle—hulle sou hulle slaan om hulle te laat werk.

92 En hulle het een jong man opgelet, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, sy kop was agteroor, en sy bors uit, en hy was net reg in die kol. En hierdie slawekoper het gesê: "Ek wil graag daardie slaaf koop."

Maar die eienaar het gesê: "Hy's nie te koop nie."

Gesê: "Waarom is hy nie te koop nie?" Gesê: "Is hy die baas oor die res van hulle?"

Hy het gesê: "Nee. Hy's net 'n slaaf."

"Wel," gesê: "miskien voer jy hom dalk beter as wat jy die res van die slawe voer?"

Gesê: "Nee, hy eet buite in die kombuis saam met die res van hulle."

"Wel," gesê: "wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

93 Hy het gesê: "Ek het self vir 'n lang tyd gewonder, totdat ek uitgevind het. Daardie seun se pappa is, oorkant in 'n tuisland, die koning van die stam, al is hy 'n vreemdeling en in 'n ver land, tog weet hy hy's 'n koning se seun, en hy gedra homself soos een."

94 O, al word ons gekritiseer en mal genoem, tog is ons seuns en dogters van die Koning, ons is vreemdelinge, maar tog weet ons dat:

Ons Vader is ryk met huise en lande,
Hy hou die rykdom van die wêreld in sy hande!

95 Ons is die kind van 'n Koning, laat ons onsself gedra soos een, laat ons onsself regruk, laat ons die vyand trotseer en weet dat God ons Vader is, Hy's die Koning. Al is ons in 'n wêreld van mode, en geleerdheid, en teologie, dit het niks daarmee te doen nie, steek jou bors uit, loop vorentoe, glo God. Sekerlik. Het 'n ondervinding wanneer jy gebore word in daardie koninklike familie. Nadat jy daardie ondervinding gehad het, gedra jy jouself so. Sekerlik.

96 Nou, dit was . . . Sien, Filippus, eenkeer, toe hy gegaan het om Natánael te kry, was dit . . . Hy kon gaan doen en vir Natánael vertel nadat hy Jesus hoor sê het: "Jou naam is Simon, en jou Vader se naam is Jona." Nadat hy daardie ondervinding gehad het, kon hy vir Filippus gaan vertel, of, vir Natánael, watter groot dinge hy vir Jesus sien doen het. Wat, tevore? *Nadat* hy gesien het, nadat hy Jesus dit sien doen het.

97 Hierdie apostels hier, voor Jesus vir hulle gesê het om geloof in God te hê, en om berge te versit, het Hy gewys wat Hy kon doen: Hy het die boom vervloek en hulle toe dit laat sien verdroog. Sien, *nadat* hulle die boom sien verdroog het, toe het Hy gesê: "Julle moet geloof in God hê," nadat Hy iets gedoen het, nadat Hy bewys het wat Hy was.

98 En toe Natánael gehad het . . . op sy pad terug, en sou met Filippus gepraat het, en gesê het: "Nou daar kan niks goeds uit Násaret kom nie."

99 Maar toe hy opgestap het in die Teenwoordigheid van Jesus, en Jesus gesê het: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

100 Dit was nadat Jesus gesê het dat hy gesê het: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Nadat hy 'n ondervinding gehad het om dit te sien, toe het hy geweet dat Hy die Seun van God was.

Jesus het gesê: "Omdat Ek jou gesê het, Ek het jou onder die boom gesien, glo jy My?"

101 Dit was die vrou wat met Jesus gestry het oor haar godsdiens en Sy godsdiens, wat by die put gesit het, "U sê U is groter as ons vader, Jakob? Wel, U is 'n Jood, daar's segregasie in hierdie land, u het geen besigheid om met my te praat nie! En U sê mense behoort in Jerusalem te aanbid, en ons sê in hierdie berg," Sien? Sy het met Hom gestry oor haar godsdiens, sy wou 'n bietjie debatteer met Hom.

Sy het nie regtig besef wie Hy was, totdat Hy gesê het: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe" nie.

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie. U het reg gesê."

102 Dit is nadat Hy dit gesê het, dat die vrou haar waterpot gelos en in die stad ingehardloop het, en gesê het: "Kom, sien 'n Man Wat vir my gesê het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?" *Nadat* Hy vir haar gesê het. Sy wou toe nie met Hom stry nie. *Nadat* Hy Homself bekendgemaak het.

103 Dit was *nadat* die vrou met die bloedvloeïng Sy kleed aangeraak en gaan sit het, deur te glo in haar hart, dat sy geloof gehad het vir haar genesing, en dit was *nadat* Jesus rondgekyk het, en gesê het: "Wie het my aangeraak?" en niemand het gepraat nie, en Hy het uitgekyk in die gehoor en vir die vroutjie gesê wat haar probleem was, en dat sy genees is, dit was daarna, dat almal, toe Sy kleed begin aanraak het, want hulle het hulle geloof ook getoets.

104 Die wêreld wil iets egs sien. Ek's honger vir ware dinge, ek's honger om 'n Kerk te sien staan in hierdie laaste dae, ek's honger om 'n goeie outydse, Pinkster, Liggaam van Christus te

sien opstaan in die krag van die Heilige Gees, wat reg, reg, en verkeerd, verkeerd noem, my hart verlang om dit te sien.

105 Die klein oorblyfseltjies wat wag, wag nie om te sien hoe groot ons ons denominasies kan maak nie, hulle wag nie om te sien hoe goed ons kan aantrek, of hoe 'n groot kerk ons kan bou nie, hulle wag om ons die Lewe van die Here Jesus Christus te sien manifesteer in liefde en krag.

106 Hulle wag om die tyd te sien dat wanneer die Eenheid, Tweeheid, Drieheid en almal saam, hulle muurtjies sal afbreek en hulle hande in mekaar se hande sit en sê: "Ons is broers." Dit wag vir die Gemeentes, en die Heiligheid, Pinkster Heiligheid, en die Kerk van God, vir die Mexikane, en die gekleurde mense, en die—die Japanese, en die wittes, en almal saam, om geledere te verenig as een groot Liggaam van Jesus Christus. Hulle gee nie om hoe goed ons ons predikers opvoed nie, hulle wil werklikheid sien, dan het hulle 'n ondervinding as daar 'n werklikheid is; dis wat ons nodig het, 'n ondervinding.

107 Ek het die koud-hartigste man gesien wat ek ooit in my lewe gesien het, wat na Christus toe gebring is deur so-iets, nie lank gelede nie. Hierbo in hierdie New England state waar ek jag, het ek 'n goeie vriend, dink hy sit reg hieragter vanaand, hy was een van die beste jagters wat ek ooit gevolg het. En ek hou daarvan om te jag, nee, nie om die wild dood te maak nie, dis om net alleen te kom met God, kom weg van al die petrol, en sigaretrook, en al die aanganery sodat jy alleen kan wees met God, ver bo in die katedraal, bo-op die berg, myle en myle van nêrens af. Dan kom God af, jy kan Hom hoor fluister deur die denne, jy kan Hom hoor huil in die wolf, oorkant, jy kan Hom in die takbok hoor wanneer hy snork. Wel, jy kan Hom net oral hoor! Soos die arend skree, kan jy Hom dophou, na Hom luister.

108 En ek het altyd hierbo in die Witteberge gejag saam met 'n goeie vriend. Hy was 'n goeie jagter, 'n wonderlike skut, en 'n goeie kêrel, maar hy was die gemeenste man wat ek ooit gesien het, hy was wreedaardig. Hy het altyd klein hertekalfies geskiet net om my te laat sleg voel. En hy sou neem klein . . . 'n Klein hertekalfie is die klein, baba takbokkie.

109 En nou, as die wet sê jy kan 'n hertekalfie doodmaak, is dit in die haak, daar's niks daarteen nie; Abraham het 'n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, so, maar nie om hulle net aan te hou skiet, net om gemeen te wees nie. Sien, dis jou—dis jou verdraaïng, jou gesindheid.

110 En so hy—hy sou net daardie klein hertekalfies skiet. En ek sou sê: "Bert, moet dit nie doen nie. Jy's die wreedste ou wat ek nog ooit gesien het."

En hy het gesê: "O, Billy, ruk jou reg. Jy's net 'n lafhartige prediker."

"Wel," het ek gesê: "dit verg nie 'n lafhartige prediker om te weet wat is reg en verkeerd nie." Ek het gesê: "Jy behoort dit nie te doen nie."

111 En een jaar toe ek soontoe gegaan het, het hy vir hom 'n fluitjie gehad, en hy kon daardie fluitjie neem en maak net soos 'n klein, baba takbokkie wat roep na sy mamma.

En ek—ek het gedink: "Jy gaan dit nie gebruik nie, Bert!"

"O," het Hy gesê: "ruk jou reg, Billy."

112 En ons het gaan jag daardie dag, 'n baie goeie jagter, ek het daarvan gehou om saam met hom te volg, en ons sou skei in die woude, en jy sou nooit hoef te dink om hom te soek nie, hy het geweet waar hy was. En so het ons tot omtrent middag saam gejag, en dan sou ons skei, en teruggaan teen verskillende berge om terug te kom na ons kamp toe.

113 En dit . . . Hy, net voor omtrent elf-dertig, het hy voor geloop. Ons het glad nie 'n spoor gesien nie, en daar was omtrent 'n ses-duim sneeu op die grond, goeie spoorsnyweer, maar die takbokseisoen was aan die gang vir 'n hele rukkie al en baie skietery aan die gang, die takbokke was almal bang. Ons noem dit *verskrik*, hulle was bang, het in die struikgewasse, en onder die takhope gebly, en waar hulle ook al kon inkom, veral terwyl dit daglig was.

114 So, hy het soort van gebuk by 'n klein ooptetjie, en voor jy jou kom kry, het ek hom sien reik in sy jas, en ek het gedink hy gaan sy middagete kry, en ons sou ons middagete saam eet. Ons sou warm sjokolade en—en 'n paar toebroodjies dra, waar as ons verdwaal het . . . En toe het hy—hy—hy sy hand daar ingesteek, hy het hierdie ou fluitjie uitgehaal, en hy het dit 'n klein uitroep gegee. En toe hy het, het daar net oorkant die oopte, omtrent die afstand van hierdie plek, 'n moeder ooi opgestaan. Nou, dis die moeder takbok, die ooi. O, sy was 'n pragtige dier! Ek sal nooit vergeet hoe sy gelyk het nie. Sy het opgestaan, daardie yslike groot, pragtige ore, wat regop gestaan het, haar groot, bruin oë, en die are, het gelyk soos, in haar gesig, jy kon hulle net sien.

115 En hy het omgekyk na my met daardie akkedisagtige oë, en hy het gesê . . . Soort van homself afgetrek—afgetrek. Ek het gedink: "Bert, jy sal dit nie doen nie." En ek het die—die hefboom hoor terugkom, en hy het die slot oopgetrek, en 'n koeël daarin gegooi .30-06 geweer. Ek het gedink: "Bert, jy sal tog sekerlik nie!" So hy het weer geskree soos daardie, en die ou moeder takbok (Nou, dis baie ongewoon vir hulle om so op te staan, veral daardie tyd van die dag in die jagseisoen.), sy het reguit uitgestap in die oopte.

116 Nou, enige van julle broers wat jag, weet hulle sal dit nie doen nie. En so sy . . . Wat was dit, egter? Wat het sy daar gestaan? En Bert het beweeg, en die takbok het hom gesien. Het sy gehardloop? Nee, sy het daar gestaan. Wat was dit? Sy het nie,

kerk, gespeel nie. Sy was 'n moeder, daar was iets in haar wat eg was, dit was ware liefde. 'n Baba het gehuil, en sy het iets in haar gehad wat geroep en geantwoord het, sy was 'n moeder. En sy het die jagter gesien, sy het 'n paar keer gebewe, en sy het weer gesoek na daardie baba.

117 Ek het Bert daardie geweer sien aanlê, daardie teleskoopdrade regoor haar hart sien kom. Ek het gedink. . . O, hy's 'n dodelike skut! Ek het gedink: "O, goeiste, binne nog 'n sekonde of twee sal hy haar getroue hart regdeur haar skiet!" Ek het gedink: "Hoe kan jy dit doen, Bert? Hoe kan jy so gemeen wees? Daardie moeder daarbuite, wat ware moederliefde vertoon. Sy is nie 'n skynheilige nie. Sy's regtig. . . Daar's 'n baba in die moeilikheid, dood of geen dood nie, sy's 'n moeder."

118 Ek het gedink: "hoe kan jy dit doen?" Daardie groot honderd-en-tagtig grein koeël so naby, sou haar vyftien voet blaas, en haar hart regdeur haar skiet. Ek het gedink: "Bert, hoe kan jy dit doen, jou wreedaardige man, daardie arme moeder se hart reg uit haar skiet met so 'n hart? So getrou, so lojaal!"

119 Ek het my rug gedraai, ek het gedink: "O God, wees daardie man genadig. Hoe kan hy so wreed wees?" Ek het gewag, gewag, die geweer het nooit gevuur nie. En ek het omgedraai om te kyk, en die geweer het *so* gegaan.

120 Hy het omgekyk na my, die trane wat teen sy wange afloop, hy het die geweer op die grond neergegooi, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg gehad daarvan! Vertel my van daardie Jesus." Daar op daardie sneeuwal, het ek daardie wreedaardige man na Christus toe gelei. Hoekom? Nie my prediking nie, nee, maar omdat hy iets egs gesien het, hy het iets gesien wat nie aangesit was nie, hy het iets egs gesien.

121 En ek sê julle vanaand, vriende, die wêreld soek na iets egs, nie 'n mensgemaakte geloofsbelydenis nie, maar 'n Jesus Wat lewe, en regeer, en liefde, en vrede, en vreugde bring, en verskille afbreek, en mans mans laat liefhê, en vroue vroue laat liefhê. Die wêreld wil iets egs sien.

122 Broer, suster, God het dit vir jou, dis net nou hier. Ontmoet net daardie regte ding, word net soveel Christen as wat sy 'n moeder was. Ek gee nie om nie, hulle kan jou holy-roller noem, hulle kan jou fanatikus noem, jy sal in die aangesig van die vyand staan en verklaar dat jy God liefhet. Ware geloof, dink daaraan, dis wat ons vanaand nodig het, vriende, is iets egs.

123 Laat ons nou ons hoofde net 'n oomblik buig. En nou, wonder ek, terwyl ons 'n oomblik wag, of daar iemand hier in die gebou sal wees, vanaand, jou hand sou opsteek, sê: "God, gee my die soort Gees van Christendom wat my so getrou aan Christus maak as wat daardie moeder takbok was aan haar baba. Here, ek was 'n kerklidmaat gewees vir jare, ek het bely om 'n Christen te wees, maar eintlik, het ek nie daardie egte *iets* nie. Ek het 'n

ware geloof nodig, ek het 'n wedergebore ondervinding nodig, God. Ek het daardie heilige grond nodig, wat my sal verander van 'n lafhartige twyfelaar, in 'n ware geloofstryder wat God op Sy Woord kan neem."

124 Jy onthou wil word in gebed, steek jou hand op, sal julle, regoor die gebou. God seën julle, dis goed. Ver in die balkonne, die tweede balkon daarbo, steek julle hande op, julle sou sê: "God, onthou my." God seën jou. Op die derde balkon sê: "Onthou my." God seën julle, elkeen nou. Hy's hier, Hy sal dit doen, Hy sien jou hand. Sê: "O Here God, wees genadig! Gee my liefde in my hart, Here. Ek was baie ywerig vir my denominasie."

125 Jy behoort te wees, dis goed, maar o, moet dit nooit voor Christus plaas nie. Dis waar die kerk gly vanaand, dit gaan weg met geloofsbelydenisse, julle sien, moet dit nie doen nie. Kom terug na Christus. Dink nou daaraan. Sê: "God, skep in my 'n liefde. Gee my geloof, net soveel geloof om vir U te staan, en om my genesing ook te aanvaar vanaand, soos daardie moeder takbok, vreesloos, daar moes staan, want iets wat in haar was, was eg."

126 Here God, die diens is U s'n, Vader. Daar het twee of driehonderd hande opgegaan, hulle het u lief, en hulle wil iets egs hê, hulle is moeg, van rondhardloop, gaan net van kerk tot kerk, of plek tot plek, of lewe in stegies saam met die uitskot, en buite in die dobbelplekke, of miskien om die hoek probeer wegkruip om vir die pastoor, en iemand anders te weerhou om hulle dinge te sien doen wat verkeerd is. O God, mag hulle nou reguit uitstap in die oopte. Hulle het hulle hand opgesteek, hulle wil iets egs hê. Gee hulle iets egs, Here. Gee vir hulle Jesus, dat Hy vir hulle die Heilige Gees mag gee, en hulle vul met Sy goedheid en Sy krag en Sy liefde, wat hulle 'n onsterflike geloof sal laat hê in die Lam van God. Skenk dit, Here, hulle is U s'n.

127 Nou, Hy het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie. En almal wat kom, vir hulle sal Ek die Ewige Lewe gee en hom oprig in die laaste dag." Dan is U hier, Here, u trek. En Jesus, U het hierdie Woorde gesê: "Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe; en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

128 Wat het hulle gedoen toe hulle hulle hande opgesteek het, Here? Hulle het die wette van swaartekrag verbreek. Wel, daar's 'n Gees in hulle wat hulle laat weet het dat hulle verkeerd was in 'n Gees deur hulle, die Heilige Gees, wat sê: "Kind, aanvaar My," en hulle het hulle hande opgesteek na die Skepper.

129 Sekerlik, plaas U hulle naam op die Boek, Here, vul hulle nou met die Heilige Gees. Gee vir hulle net nou 'n ondervinding, Here, in hierdie diens vanaand, dat hulle dit nooit sal vergeet nie,

dat hulle van hier af kan gaan, in die wete dat Jesus opgestaan het uit die dood, en Hy lewe, en Hy in hulle harte lewe.

130 Gee vir hierdie pastore, Here, 'n dubbele mate van geloof, hulle is herders, Here, hulle is diegene wat die kudde lei. O, roer hierdie pastore vanaand, Here; roer U pastore, U sal die hele stad roer. Skenk dit, Here. Doen dit, Vader. Gee vir hulle 'n vaste geloof vanaand, Here. Mag hulle kerke net soos 'n aambeeld wees, net vonke van verlossing wat oral vlieg, materiaal slaan en vorm vir die Meester se gebruik. Skenk dit, Here. Nou mag Jesus kom, Homself voorstel vanaand, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

131 Ons het pas gepraat, Vader, van hoe in die vroeë dae, hoe U Uself bekend gemaak het aan U Kerk deur met Petrus te praat, daardie onkundige visserman, hom vertel het wie hy was en wat sy vader se naam was. Toe het U, nadat U dit vir hom gesê het, en hy U geglo het, het U vir hom die sleutels tot die Koninkryk gegee, nadat hy dit geglo het, nadat U hom vertel het.

Natánael het gesê: "Waar het U my ooit geken, Rabbi?"

Hy het gesê: "Wel, voordat Filippus jou geroep het."

132 En U het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Ons weet dat die wynstok nie vrugte dra nie, dit gee slegs lewe aan die loot, en die loot dra vrugte.

133 Ons word vertel deur U Woord dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, as U Uself bekend gemaak het aan die Jode in daardie dag by die afsluiting van hulle eeu, en U het Uself nooit op daardie manier aan die Heidene gemanifesteer nie, dan God, wanneer U 'n besluit neem, moet dit vir altyd dieselfde wees, want U kan nie verander nie, U word nie slimmer nie, U is Oneindig om mee te begin. Dan, Vader, bid ons dat nadat U dit belowe het, dat U dit vanaand sal manifesteer. In Jesus' Naam. Amen.

134 Nou, in die gehoor, vanaand, broer, suster, julle wat julle hand opgesteek het, onmiddellik na die genesingsdiens, wil ek hê julle moet hiernatoe kom, ek wil 'n bietjie saam met julle bid daarna; ek's so bly vir julle. Voel julle nie goed nie?

135 Hoeveel ken daardie goeie ou lied: "Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys, die Lam prys vir sondaars geslag." Hou julle nie daarvan om Hom nou te aanbid, na die boodskap verby is nie? Aanbid Hom? Nou laat ons dit net sing. Broer Claire, kom hier miskien: "Ek sal Hom prys, die Lam prys vir sondaars geslag." Goed.

. . . sal Hom prys,
Ek sal Hom prys,
Prys die Lam vir sondaars geslag;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed was weg . . .

136 Laat dit julle nie net baie goed voel nie? Voel julle nie sommer uitgeskuur nie, net asof iets julle getref het?

137 Laat ons hierdie goeie ou lied van die kerk sing: "My geloof kyk op na U, U Lam van Gólgota, Goddelike Verlosser." Aanbid Hom net in die Gees terwyl julle sing. Nou, ek hou van daardie goeie ou liedere. Goed.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Nou hoor my wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
En laat my nooit afdwaal nie
Van U af weg.

138 Laat ons dit neurie. Goed. Ek wil hê julle almal wat langs julle sit, moenie julle sitplekke bo in die balkon en alles los nie, reik uit na iemand wat langs jou sit, langs jou, regs, links, voor, en agter, skud hande, julle Metodiste en Baptiste, laat ons net maak, nou ware vriende wees. Draai reg om en skud hande nou.

. . . U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee droefheid se trane weg,
En laat my nooit afdwaal nie
Van U af weg.

139 Ek hou daarvan. Geseënd sy die Naam van die Here.

Ek het Hom lief, . . .

Steek julle hande op in die lug.

. . . Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op . . .

140 Is Hy nie wonderlik nie? Het julle Hom nie net lief nie? Doen dit nie net iets aan jou hart nie? Neem net al die ou vrese, twyfel weg, en dra dit oorkant in die See van Vergetelheid, en weet dat daardie lieflike Jesus hier staan, uitgestrekte arms: "Kom na My toe al die eindes van die wêreld en word geseën."

141 Ek kyk na hierdie gehoortjie vanaand soos ek dink, julle weet hierdie klein, die manier waarop dit hier sit vanaand, dis 'n kruis. *Hier* is een vlerk, *daar* is die ander vlerk, *daar* is die voet en *hier* is die kop, net presies 'n kruis. O, het ek Hom nie lief nie! Het julle Hom nie lief nie? Hoe ons Hom liefhet! Nou, ons sê . . .

142 Iemand mag sê: "Broer Branham, dis net emosie."

143 Nee, Dit is nie, Dis Gees, Dis ware Heilige Gees. Daar's nie nog 'n godsdiens in die wêreld, al die groot godsdienste . . . Christendom is derde of vierde af in die ry, Mohammedaanse godsdiens is meer in getalle as Christendom, Boeddha is ver

gevorderd teen Christendom. Christendom is ver terug, want hoekom? Ons het nagelaat om te doen wat Jesus gesê het om te doen, sien. Dis die enigste godsdiens wat reg is, dis die enigste een.

144 Elkeen van hulle stigters, Mohammed, hy's dood, jy kan sy graf besoek, daar's 'n wit perd wat by sy graf staan, hulle ruil wagte elke vier uur, is al vir tweeduisend jaar daar, hy's in die graf, Boeddha, hy het omtrent drie-en-twintighonderd jaar gelede gesterf, is begrawe in Japan, maar kyk, Jesus het opgestaan . . . ? . . .

145 Julle sê: "Het Hy dit gedoen?"

Ja.

"Hoe kan jy dit bewys?"

146 Wag net 'n paar minute en kyk. As Hy nie Sy belofte sal hou nie, dan het Hy—Hy nie opgestaan uit die dood nie; maar as Hy Sy belofte hou, dan is ons seker Hy's hier. Deur geloof het ons dit geglo vir tweeduisend jaar. Ons is nou aan die einde, die einde van die Heidense bedeling, Hy's nou hier om dit te verseël. O, hoe lief het ek Hom! Hoe lief het ek Hom!

147 God is liefde, en jy kan net niks doen behalwe liefhê wanneer God in jou inkom nie, dis liefde, broederlike liefde vir mekaar.

148 Nou, in . . . op die aarde, toe Jesus hier was . . . Nou, God is Almagtig, en Hy raak nie slimmer nie, Hy's die heeltyd dieselfde. Glo julle dit? Die menslike ras word slimmer, die Bybel het gesê hulle sou, hulle sou swakker en wyser wees. Maar God is—is oneindig. Glo julle dit?

149 Ons is eindig. Ons raak, elke jaar, wel, ons wetenskap beweeg aan, en ons bou 'n beter outomobiel, en ons geleerdheid is beter, maar God word nie enigsins slimmer nie, Hy's volmaak om mee te begin.

150 So dan, wanneer God, 'n sekere situasie opkom, en God op die toneel geroep word om op te tree, die manier wat God daardie keer optree, moet Hy elke keer optree; wanneer dieselfde omstandighede weer opkom, moet Hy op dieselfde manier optree as wat Hy die eerste keer het, of Hy het verkeerd opgetree op die manier wat Hy die eerste keer opgetree het. Met ander woorde, as daar 'n sondaar was wat geroep het om genade, en God het daardie sondaar gered, die volgende sondaar wat roep, moet God op dieselfde manier optree.

151 As God . . . As 'n—'n man sterwend is, en die dokters kan hom nie help nie, en hy roep God aan en roep Hom na die toneel, en God daardie persoon genees, moet Hy weer op dieselfde manier optree, sien, want Hy het nie, Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste keer opgetree het.

152 Nou, toe . . . Jesus was God in vlees, ons glo dit, die manifestasie, Hy was hier om Homself in die vlees te manifesteer.

Jesus was die liggaam, die Seun van God, God het in Christus gewoon. Nou, Jesus het Self gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen nie," Johannes 5:19: "maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Het julle dit al ooit gelees? Dan het Hy niks gedoen, totdat Vader God Hom 'n visioen gewys het oor wat om te doen nie.

153 Nou, julle sien, die Bybel is onfeilbaar, Dis . . . Jesus het gesê: "Die Skrifte kan nie verbreek word nie." Jesus het dit gesê. Nou, en dan as—as . . . Jesus het gesê: "Ek kan niks doen tensy die Vader My eers wys wat om te doen nie. Die Vader werk, Ek werk tot nou toe." Met ander woorde, Hy het in drama uitgespeel wat die Vader Hom gewys het om te doen. Hou elke geval dop, elke keer wat jy dit op dieselfde manier vind, behalwe as dit die mense se geloof was.

154 Nou, nou let ons dit op, dan weer, vind ons Hy het gesê: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." Nou, die Vader wat Hom gestuur het, was met Hom en in Hom, die Vader wat Hom gestuur het, het saam met Hom en in Hom gegaan, wel, die Jesus wat ons stuur, gaan saam met ons en in ons. Sien? So Jesus wys ons wat om te doen.

155 Nou, toe Hy Homself aan die Jode verklaar het, vat Johannes die 1ste hoofstuk, wat was die eerste ding wat hy gedoen het? Hy het Homself verklaar deur vir Petrus te sê wie hy was en wat sy vader se naam was.

156 Volgende het Hy—Hy Homself verklaar aan 'n ander Jood, net die volgende dag, en hier het Natánael nadergekom, Hy het gesê: "'n Israeliet, geen bedrog nie."

Hy het gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God."

157 Maar daar was diegene wat daar gestaan het, gesê het: "Hy's 'n fortuinverteller. Hy's Beëlsebub. Hy's 'n bose persoon."

158 En wat het Jesus gesê? "Ek sal julle daarvoor vergewe, maar," andersins soos hierdie: "eendag kom die Heilige Gees, wanneer Dit kom en dieselfde ding doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie."

159 Nou, let op, daar's net drie geslagte mense, dis Gam, Sem, en Jafet se mense, as ons die Bybel glo, is die wêreld vernietig in die sondvloed. En dit was Gam, Sem, en Jafet. Nou, dit was Jood, Heiden, en Samaritaan: half Jood en Heiden.

160 Nou, toe Hy op aarde was, het die Jode wat Hom geglo het, na Hom gesoek vir jare, toe Hy gekom het, was hulle oë blind. Maar sien, dis hoe Hy Homself aan die Jode gemanifesteer het. Die ware Jood het gesê: "Dis die Messiaanse teken."

161 Toe Hy by die vrou by die put verbygegaan het, wat 'n Samaritaan was, wat het Hy gedoen? Dieselfde teken wat Hy vir die—vir die Jood gewys het: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

162 Sy het gesê: "Nou, ons is opgelei, ons weet dat wanneer die Messias kom . . . " Weet julle wat? Daardie vrou het meer van God af geweet as wat die helfte van die bediening van die Verenigde State weet, tog was sy 'n prostituut. Sy het gesê: "Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

Sy het in die stad ingehardloop, gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

163 Nou onthou, Hy het dit nooit vir 'n Heiden gedoen nie, Hy het Sy dissipels verbied om na 'n Heiden toe te gaan, omdat ons heidene was in daardie dae, ons was nie opgelei nie.

164 Nou, ons het tweeduisend jaar van opleiding gehad, en ons is aan die einde van die pad, net soos hulle was. Onthou julle die Samaritaanse vrou: "Ons vader Jakob"? Sien? Hulle was net 'n baster, baster tussen die twee.

165 Nou let op, nou hierdie is die einde van die Heidense tydperk. Nou luister baie goed voor ons afsluit. Die profeet het gesê daar sou 'n dag kom wat nie dag of nag genoem sou word nie. Wat sou dit wees? Soort van 'n somber, mistige, donker dag. Is dit reg? En Hy het gesê: "In die aandtyd, sal dit Lig word." Nou, wat het gebeur? Beskawing het in die Ooste begin en weswaarts beweeg, dis al die pad na die Weskus, die Ooste en Weste het nou bymekaar gekom. Watter soort Lig het geskyn? Die Evangelielig. Hoe het dit geskyn op die Oosterse mense? Jesus, wat hierdie dinge doen aan die Oosterse mense.

166 Ons is die Westerse mense. Nou, die dag het deur die Heidense tydperk gegaan waar ons genoeg Lig kon sien om te wandel en Jesus te glo, en—en die dinge te doen wat—wat ons dink reg is, en ons kerke bou, en denominasies, geleerdheid, sovoorts hê, dis alles reg, maar in die aand, sal dit Lig wees, die mis het opgeklaar. En dieselfde Heilige Gees wat geval het op die Pinksterdag, wat deur die Lutherse eeu heen bewaar is, deur die Wesleyaanse eeu, en deur die ander eeue, begin nou skyn op hierdie Heidense mense in die laaste dae met Jesus, Wat die Lig is, wat werk in Sy Kerk as die Wynstok onder die lote, wat voortbring en presies dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was.

167 Ons is . . . Dit was die laaste teken van die einde van die Jood. Ek glo ons het sputniks in die lug, handskrif teen die muur, mense se harte wat ingee van vrees, benoudheid van tye, spanning tussen nasies. Een ekstra sluk vodka, en ons kan almal

voor die oggend as word, julle weet dit. Nie 'n ding om te keer dat hulle dit doen nie. New York . . . Neem net een. Hulle het 'n bom wat 'n honderd vyf-en-sewentig voet diep sal blaas, 'n honderd-en-iets vierkante myl. Waar gaan jy wegkruip? Jy kon nie diep genoeg grawe nie, die skudding sou jou honderde en honderde voet onder die grond kry. Maar daar is 'n skuilplek, dis gemaak van vere: onder Sy vlerke vertoef ons.

168 En onthou, as die eindtyd voor die oggend kan kom, en enigiemand wat weet die Kerk gaan weg voordat dit gebeur, hoe naby is Sy koms? Sien? Voor . . . Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en soos die dae van Lot, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die Mens."

169 Nie een druppel reën het geval, totdat Noag in die ark ingegaan het nie. Wat het die Engel vir Lot gesê? "Vlug gou, daarheen, want Ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie." Geen Vuur kon op Sodom val, totdat Lot daar uit was nie. En geen bomme kan tref, totdat Jesus Sy Kerk neem nie, Sy's weg. Mag enige oomblik wees.

170 Kyk, nog net een ding, verskoon my dat ek julle so lank gehou het, ek wil hê julle moet oplet: Net Abraham, wat die Uitverkorenes was . . . Glo julle God het 'n uitverkore Kerk, en dan 'n natuurlike kerk? Probeer dit nou noem, die uitverkore Kerk is alreeds in.

171 Abraham was die, het die uitverkore Kerk verteenwoordig, arm gelewe, buite in die woestyn, ensovoorts. Maar let op, net voor die vernietiging van Sodom, het daar 'n Engel na hom toe gekom. Is dit reg? En die Engel het met Abraham gepraat, het Sy rug gedraai gehad na die tent, en Sara was binne-in die tent, en die Engel het vir Abraham gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe." En Sara het, in haar hart, in die tent gelag. Die Engel, met Sy rug na die tent, het gesê: "Waarom het Sara gelag?" Watter soort telepatie was dit? Onthou daardie Engel het die laaste Boodskap gehad, nie voor die water geval het nie, maar voor die Vuur geval het. En Wie was daardie Engel? Christus. Abraham het Hom Elohim genoem, Jehova, Almagtige, die Logos. Sekerlik, Hy was God.

172 En hier is dit, weer net voor die vernietiging van Vuur, daardie selfde Engel is onder Sy mense vandag, wat roep na julle kerklidmate: "Kom uit! Kom onder hulle uit!" Dis reg. "Kom gou daarvan af weg. Sy gaan sink, net so seker . . . "

173 Toe ek in Indië ingegaan het, hier nie lank gelede nie, het hulle gesê . . . hulle het . . . gesê: "Die aardbewing moet verby wees, die voëls is besig om terug te vlieg." 'n Dag voor die aardbewing gekom het, het hulle niks daarvan geweet nie . . .

174 Maar Indië het nie heinings soos ons het nie, hulle het klipheinings, en yslike groot torings, ensovoorts, hulle woon in rotshuise, hulle is arm. En die voëls bou hulle neste daarin,

die beeste staan rondom hulle vir skaduwee, maar die dag voor daardie aardbewing gekom het, kon jy nie 'n koei of skaap naby daardie heining kry nie, hulle het almal reg in die middel van die veld gestaan. En al die voëls het hulle neste verlaat, en uitgegaan in die woud, en in die bome ingegaan. Hoekom? God, dieselfde God wat hulle na die ark toe geneem het, kon hulle wegneem van daardie mure af. Hy het Sy diere buite in die veld ingeneem, toe die aardbewing en daardie mure geval het, die diere weg was daarvan.

175 O, broer, as God voëls en diere kan waarsku om van gevaar af weg te kom: "Vlieg weg van hierdie ou mure van Babilon af, hulle vergruis, hulle kom af!" Die Heilige Gees se waarskuwing: "Gaan uit in die middel van God se genade en steek julle hande op na Christus."

176 "Hier is ek, Here." Doen dit nou, glo julle. En ek glo vanaand dat Hy ons 'n wonderlike diens sal gee.

Nou laat ons weer bid.

177 Vader, o, ek's so bly vanaand, en opgewonde, en opgewonde om U hierdie New England state te sien skud voor U my bediening verander. O Here, ek's so bly dat honderde U ontvang het. En ek bid nou, dat U sal skenk vanaand. . . Toe U daardie dissipels gekry het wat van Emmaüs af gekom het binne-in die kamer, en die deur toegemaak het, het U iets gedoen soos U dit gedoen het voor U gekruisig is, hulle het geweet dit was U. En hulle hardloop terug, sê: "Ons harte was brandende in ons."

178 God, skenk vanaand dat U sal kom en dieselfde dinge doen wat U gedoen het toe U hier op aarde was, U het gesê U sou, U het dit belowe. En dan, wanneer ons huis toe gaan vanaand, sal ons sê: "Was ons harte nie brandende in ons nie? Waarlik, Hy het opgestaan uit die dood, Hy lewe nog steeds, tweeduisend jaar het Hom geensins ouer laat raak nie, Hy lewe vir ewig. En omdat Hy lewe, kan ons ook lewe."

179 Skenk dit, Vader. Ons verootmoedig ons harte en onderwerp ons geeste aan U, hierdie kerk, hulle geeste, Here, dat hulle in staat mag wees om die soom van U kleed aan te raak, die Groot Hoëpriester.

180 Here God, ek gee myself oor aan U, onder 'n Goddelike gawe, dat U my oë en lippe sou gebruik om te sien en te spreek dit wat gepas sou wees in U Koninkryk. En, tot die eer van God, vra ons dit. Amen.

181 (Honderd kaartjies, H?) Goed. Ons kan hulle nie almal op een slag hierbo kry nie, en ons sal sien of ons 'n paar hierbo kan kry. Omtrent hoeveel kan ons hier laat staan? Laat ons sien, *H* het julle gesê? Wie het H, nommer een, gebedskaartjie? [Leë kol op band—Red.] Goed. Het hulle almal opgelyn. Oukei. Goed.

182 Nou, hier is die geval, vriend . . . Nou, as julle sal, elkeen sit net, en wees net so eerbiedig. Nou, maak nie saak waar jy is . . . Hierdie groot afsluitingstyd! Nou, hierdie, al hierdie vreugde wat ons gedoen het, al hierdie vreugde wat ons in ons hart het, al hierdie geloof wat ons sê ons glo Hom en het Hom lief, wat help dit as Hy 'n God van die geskiedenis is, en nie dieselfde God vandag nie?

183 Ons het eenkeer 'n George Washington gehad, 'n Abraham Lincoln, maar dis geskiedenis, hulle is weg, hulle kan nie na die Wit Huis toe kom en vandag optree nie, maar nie so met Jesus nie, Hy lewe.

184 Nou, lewe Hy? Wel, as Hy lewe, wil ek julle vra: Jou genesing is alreeds gekoop (Weet julle dit?), jou verlossing, jy moet dit net ontvang.

185 Nou, wat doen Hy? Maak Homself teenwoordig om Sy Woord te bevestig, dan jou geloof in Hom, aanvaar jy net jou genesing soos jy jou verlossing aanvaar, soos daardie mense 'n rukkie gelede hulle hande opgesteek het, dit aanvaar het.

186 Nou, besef julle my posisie? Dit is presies tien jaar om die wêreld, deur toordokters. Ek het toordokters gehad wat sou sit en deur betowerings gaan en sê hulle sou 'n storm kry om my weg te blaas, en daar het 'n storm gekom en net om, om gedraai. Ek het net aanhou preek, omtrent vyftigduisend mense. En ek . . . En dit was omtrent vyftien toordokters aan elke kant wat deur allerhande betowerings gegaan het, wat hulleself bloei, en bloed op hulle sit, en alles, bose geeste op te roep, en sowaar, hier kom wolke.

187 En dit het opgekom, en ek het net aanhou preek. Toe het ek gedink die plekkie gaan wegwaai, ek het gestop, my Bybel neergelê, ek het gesê: "Here God, U het die hemele en aarde gemaak!" En daardie wolke het reguit terugbeweeg en die son het begin skyn, en dertigduisend het gekom, of, twintigduisend daardie middag, na die altaar gehaas, van kommuniste, en Christus as persoonlike Verlosser ontvang.

188 Hy was—Hy was so goed vir my. Nou, sekerlik sal Hy my nie vanaand teleurstel nie. Bid. Maar sien julle wat ek doen? Nou, die Woord wat dit verklaar, is die Waarheid, dan kan die werke vals bevind word, of ek wat iets vertel wat nie so is nie, maar selfs al sou dit nie werk nie, is die Woord steeds reg, in elk geval. Ek kan verkeerd wees, goeiste, ek kan heel opgemors wees, en God sal nie eens deur my praat nie, maar Hy het dit gedoen, en ek vertrou Hom, dat Hy dit weer sal doen, want dis deur Sy genade wat Hy dit doen.

189 Nou wees baie eerbiedig. En as Hy sal kom en optree net soos Hy het toe Hy hier op aarde was, hoeveel van julle sal sê: "Dit sal my Hom laat glo en Hom liefhê. En as ek nie eens in die gebedsry

kom nie, sal ek in elk geval genees word"? Steek net jou hand op, sê: "Ek sal wees . . . "

190 Nou, sover ek weet, die enigste persoon wat ek in die gebou herken, hier voor my, is Broer Stadsklev wat hier sit. En ek mag een van daardie predikers ken, die een reg agter hom, ek dink ek ken, en Broer Boze, wat daar sit. Res van julle is vreemdelinge.

191 Nou hier is 'n pragtige Bybelse prentjie: 'n Vrou en 'n man wat vir die eerste keer ontmoet. Hierdie is ons eerste ontmoeting. As dit is, net sodat die mense sal weet, steek net jou hand op sodat . . . Ek het haar nog nooit gesien nie. Sy's net 'n vrou, wat uit die gehoor gekom het. Wel nou, as sy genesing nodig het, wat as ek net my hand op haar lê, sê: "Dame, jy het genesing nodig, jy gaan gesond word"?

192 Dit sou in orde wees, sy kon dit glo, en dit sou in orde wees, maar dan weer, sy kon 'n bietjie twyfel, en jy kon, ook. Maar as die Here Jesus sal kom en optree soos Hy het vir die vrou by die put, vir haar sê waar haar probleem is, of iets wat in haar lewe is waarvan sy weet ek niks weet nie, dan wys dit dit sou 'n totale wonderwerk moes wees. Dis 'n groter wonderwerk as om 'n verlamde man te hê wat hier sit, om op te staan. Sekerlik, dit is, in die bonatuurlike.

193 Nou, as die Here Jesus . . . Jy weet dat ek jou nie ken nie, en hierdie is net 'n prentjie soos dit was met die vrou by die put: 'n man en 'n vrou. En as Hy my sal sê . . . Jy mag 'n Christen wees, jy mag 'n ongelowige wees, jy mag 'n kritikus wees, jy mag siek wees, ek—ek weet nie, ek het geen idee nie, maar Hy weet wel. En as Hy dit nou aan my sal openbaar, dan sal jy weet dit moet kom deur bonatuurlike krag iewers. Sou jy glo dit was God? Mag Hy dit skenk.

194 Ek praat net met jou, soos ons Here het met die vrou. Sien? Ek sê nou dat jy 'n Christen is, want jy's bewus dat daar iets aan die gang is, nou net begin het. As dit reg is, steek jou hand op. Sien? Tussen my en jou, wat reg rondom jou kom, is daardie Lig wat jy in daardie foto sien, ek veronderstel hulle het dit hier gehad, aan die beweeg op die dame. Die vrou is bewus dat daar iets aangaan, nederige, liefdevolle gevoel.

195 Nou, ek sien haar wegbeweeg van my af, en sy's baie, baie senuweeagtig. Dis reg. Dis wat verkeerd is met jou, senuweeagtigheid. Sien hoe jy heen-en-weer oor die vloer loop. Nou, dis reg, is dit nie. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Glo jy nou?

196 Julle sê: "Broer Branham, jy kon dit geraai het."

197 Goed. Laat ons sien wat die Here nog sou sê. Of Hy sal of nie, weet ek nie, Hy mag. Ja, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, die dame, ek sien, haar senuweeagtig, sy's heel . . . O, dit word veroorsaak deur, sy het geval en haar rug seergemaak, dis wat dit veroorsaak het.

198 Nog iets, jy was geïnteresseerd in 'n persoon vir wie jy bid, of iets, dis 'n jong man. En daardie jong man word gepla met geestelike probleme, hy's baie senuweeagtig en bang, hy's net verstandelik ontsteld, dis demoniese onderdrukking. Wanneer jy na hom toe gaan, sê vir hom om nie bekommerd te wees nie, want hy gaan daaroor kom. En jy's nou oor joune, jou geloof het jou gesond gemaak. God seën jou.

199 Glo jy Hy is Christus? Nou, jy weet dat daar een of ander soort van 'n bonatuurlike Wese hier moet wees. Nou, as julle glo dis Christus. . . Nou wees baie eerbiedig.

200 Ek veronderstel, suster, ons is vreemdelinge vir mekaar. [Die suster praat—Red.] Glo jy dat die. . .? Eerste keer wat jy ooit in die diens is. Goed. Nou, as die Here God, my sal laat weet wat jy van Hom wil hê, sou jy glo dat Hy dan geïnteresseerd genoeg sou wees, om jou te laat. . . Hy jou probeer laat weet dat Hy jou liefhet? Goed. Mag. . . Nou wees net baie eerbiedig. Nou, sal jy. . .? Dis 'n. . . Jy het iets verkeerd met jou hand en jou rug, dit is veroorsaak deur 'n busdeur wat toegaan op jou. Jy's genees, staan op jou voete, jou rugprobleem is weg. Amen. Wees eerbiedig, julle sien.

201 Goed. Wat het sy aangeraak? Ek ken nie die vrou nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, sy weet dit. Maar jy's nou genees, jy's reg. God seën jou. Sien? Sy het die Hoëpriester aangeraak. Nou, julle daarbuite, begin julle dieselfde ding doen. Glo Hom nou net, hê geloof, moenie twyfel nie.

202 Die dame, jy het komplikasies, jy het baie dinge verkeerd met jou. Een ding, jy ly aan 'n swakheid, jy het swakheid, en jy kry baie swak tye, en dan gaan dit al vir 'n geruime tyd aan, vir 'n aantal jare. Vandat jy begin het in die menopouse tyd van die lewe, het jy uiters senuweeagtig begin raak, voor jou hare begin verkleur het. En die groot ding waarin jy egter geïnteresseerd is, is iemand anders, dis jou man, hy's in die hospitaal, kreupel, en jy het 'n sakdoek daar vir hom. Gee dit hier.

203 Here God, ek bid dat U daardie vloek sal verwyder en die man sal gesond maak, deur Jesus Christus' Naam.

204 Moenie twyfel nie, gaan op jou pad en juig, glo met jou hele hart.

205 Wees baie eerbiedig. Hou aan glo, moenie twyfel nie, hê geloof.

206 As die gehoor my stem kan hoor, hierdie vrou praat nie Engels nie, net 'n bietjie, sy kan net skaars Engels praat. En jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders. En ek sien baie water, en 'n groot, donker skaduwee, 'n land, jy bid vir iemand wat oor die see is, en dit is jou suster, en sy's in Rusland. En sy het kanker in die maag, sy's agter die ystergordyn, en sy's ook ongered, SO SPREEK DIE HERE. Pos hierdie sakdoek vir haar, en die Here God sal jou versoek toestaan. "As jy kan glo, is

alle dinge moontlik." Glo jy met jou hele hart? Glo dat God jou versoek sal toestaan wat genoem is. "As jy . . . "

207 Net 'n oomblik, iets het nou net in die gehoor gebeur. Wel, dis die dame hier met haar hand op, net hier. Sy ly aan sinus, hoofpyn sinus. Jy's nou genees, Jesus Christus maak jou gesond.

208 Julle moet geloof in God hê. Ek ken jou nie, ken ek, dame? Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken haar. Jy moet net geloof hê in God. "As julle kan glo!"

209 Glo jy dat ek Sy dienskneg is? In die Teenwoordigheid van Christus. Jy ly aan 'n senuweeprobleem, baie erg senuweeagtig, en jy het verkeerd geraak met die lewer wat kolle voor jou oë maak, en jou tong laat aanpak, galaanvalle teister jou. Ek sien jou baie siek met tye. Dis reg. En dan het jy, ook, 'n gewas, daardie gewas is op jou bors. Glo jy jy gaan genees word? Gaan dan, God maak jou gesond.

210 Dame, daar reg agter, moenie meer jou vingers byt nie. Jy ly aan 'n senuweeprobleem wat jou maagprobleme laat kry het. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Aanvaar jy jou genesing? Jy glo? Steek jou hand op as jy dit doen. Goed, dis nou verby. God seën jou. Hê geloof.

211 Hello, jong kêrel. Jy's 'n baie goeie seun. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Ek ken jou nie, dame. Hier's 'n pragtige prentjie van soos die put, 'n Samaritaanse vrou en 'n Joodse Man, en hier is 'n gekleurde vrou, wit man. Maar God het hulle laat weet dat daar geen verskil in die mense is nie, ons kom almal van Adam af. Die land waarin ons grootgeword het, het ons kleur verander, dit het niks te doen met ons gees en siel nie, ons is almal skepsels van God. Glo julle Hy lewe nog?

212 Die rede waarom ek met daardie vrou daar gepraat het met daardie maagprobleem, dieselfde ding wat jy het, jy het ook 'n maagprobleem, dis reg. Sien, Satan het geweet hy gaan hier verslaan word, en hy het gedink hy kon—hy kon daar wegkom, maar hy het gefaal. Om jou te laat weet dat jy—dat jy alreeds genees is: Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy glo. Jy's nie van hierdie stad nie. Jy glo dat . . . Jy ly ook aan 'n ineenstorting, 'n senuwee-ineenstorting. Dis reg. Wil jy teruggaan Boston toe en gesond gemaak word? Die Here liefhê? Jou naam is Sarah, Sarah Sell. Gaan terug Boston toe, Jesus Christus het jou gesond gemaak. Gaan, en die Here sal jou genees.

"As jy kan glo!" [Leë kol op band—Red.]

213 Ek ken jou nie, dame. God ken ons albei. Glo jy dat Hy jou sal genees? Glo jy Hy kan my van jou laat weet?

214 Wees baie eerbiedig. Daar's net soveel van julle wat daarbuite genees word, ek kan nie sê wie is wat nie, dit gaan net oral heen, trek net so hard. Sien, hierdie gekleurde dame wat hier staan,

laat die gekleurde mense geloof hê, wanneer hulle daardie ander dame sien genees word.

215 Wat hier reg agter sit op hierdie eerste ry, probleme met jou skouer. Glo jy God gaan jou gesond maak, dame? Glo jy dit? Gaan reguit . . . Die gekleurde dame sit . . . Lê jou hand op daardie dame langs jou, sy het probleme in haar sy. Glo jy dat God jou sal gesond maak, dame? Goed. Sit jou hand op die volgende een na jou, het hartprobleme en hoë bloeddruk. Glo jy, dame? Goed. Staan op jou voete en ontvang dit.

Hê geloof. Hê geloof!

216 Jy ly ook aan 'n senuweeprobleem. Jy het hartprobleme, en jy het probleme in jou kolon, of die dokter het dit vir jou gesê. Dis reg. En jy het gewas in die kop. Dis reg. Mev. Elsie Dare. Ja, jy lewe in die Bronx, so gaan terug, jy's genees, Jesus Christus maak jou gesond. Hê geloof en glo.

217 Daardie rugprobleem het jou verlaat terwyl daar vir haar gebid is, gaan net reguit voort en juig net, jy is alreeds genees. God seën jou.

218 Jy's geskadu tot die dood met kanker, maar glo jy God het jou genees? Hou net aan loop en prys Christus' Naam . . .?. . .

219 Wel, glo jy dat God, as ek vir jou gesê het, jou net daar genees het, sou jy dit glo? Hou net aan juig en dank God . . .?. . .

220 Jy het styf geword van artritis, maar jy het dit nie meer nie. Hou net aan loop, Jesus Christus maak jou gesond.

221 Glo julle daarbuite in die gehoor, almal van julle? Staan dan sommer gou op julle voete, Jesus Christus maak elkeen van julle gesond. Steek nou julle hande op na Hom. Prys Hom! Daar's daardie Lig wat oral in die gebou ronddraai. Hier is Hy! Steek julle hande baie vinnig op en prys Hom.

222 Here God, in Jesus Christus' Naam, dryf ek die duiwel uit elke persoon hier, en vra dat hulle gesond gemaak sal word.

58-0530 Tyd-Beproefde Geloof
Manhattan Sentrum
New York, New York V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org